- 0.51 **VOA (Volhoubare Openbare Aanskaffing)** verwys na volhoubare aanskaffing deur openbare owerhede en instellings.
- 0.52 **Volhoubare Aanskaffing** verwys na aanskaffing wat omgewings- en sosiale aspekte in ag neem bykomend tot tradisionele ekonomiese of finansiële oorwegings.
- 0.53 **Volhoubare Verbruik** verwys na die gebruik van goedere en dienste om in behoeftes te voorsien en 'n beter lewenskwaliteit daar te stel terwyl die gebruik van natuurlike hulpbronne, giftige stowwe en die vrystelling van afval en besoedelende stowwe oor die lewensiklus daarvan geminimiseer word sodat die behoeftes van toekomstige geslagte nie op die spel geplaas word nie, en teen 'n verbruikstempo van natuurlike hulpbronne wat vir 'n onbepaalde tyd volhoubaar is.
- 0.54 **Voorsieningskettingbestuursmonitering (VKB-monitering)** ten opsigte van die Wes-Kaapse provinsiale aanskaffing is 'n proses wat verseker dat VKB-prosesse reëlmatig is en 'n jaarlikse evaluering van die beleidsimpak en die bereiking van doelwitte insluit.
- 0.55 **Vraagbestuur** verseker dat hulpbronne wat nodig word om die doelstellings van die strategiese aanskaffingsplan te bereik, effektief, doeltreffend en op billike wyse aan die organisasie gelewer word.
- 0.56 **Waarde vir Geld (WVG)** is 'n konsep wat tradisioneel na die aankope van die opsie met die laagste koste verwys. Omgewingsvriendelike aanskaffing brei hierdie definisie uit om lewensikluskoste en alle faktore wat vir 'n spesifieke doel relevant is, te omvat, insluitend die kwaliteit, hulpbrongebruik, bruikbaarheid vir die doel daarvan, tydigheid, gerief en die produk/diens se vermoë om regeringsdoelwitte te bevorder. WVG word dus gebruik om te assesser of die Regering met die hulpbronne tot sy beskikking die maksimale voordeel kry uit die goedere en dienste wat hy aansak.<sup>1</sup>

## 1 INLEIDING EN RASIONAAL

### 1.1 Doel van hierdie dokument

- 1.1.1 Hierdie Groenskrif gaan oor die ontwikkeling van Omgewingsvriendelike Aanskaffing van Goedere en Dienste vir die PRWK. Die doel van die Groenskrif is om provinsiale departemente aan te moedig om deur hulle voorbeeld te lei deur die impak van hulle eie aktiwiteite op die omgewing te minimiseer en beter prestasie deur hulle hele invloedseer te bevorder. Omgewingsvriendelike aanskaffing vereis dat besluite wat met die aanskaffing van goedere en dienste verband hou, die volle ekonomiese koste in ag neem, en spesifiek ook omgewingskoste, met die doel om omgewings-, sosiale en ekonomiese volhoubaarheid oor die lang termyn te bevorder.
- 1.1.2 Die ontwikkeling van die Groenskrif bou op en streef daarna om die bestaande provinsiale 2Wise2Waste-inisiatief ten uitvoer te bring, wat die doeltreffendheid van regeringshandelinge ten opsigte van die omgewing bevorder en pogings insluit om die plaaslike herwinningseconomie te stimuleer. Die voorgestelde beleid wil die omgewingsvoetspoor van die daaglikse handelinge van die PRWK verklein en die gedrag van die Regering se verskaffers beïnvloed. Die ontwikkeling van die Groenskrif sal ook die strategiese prioriteite ten opsigte van volhoubaarheid en verhoogde hulpbrondoeltreffendheid wat in die provinsiale Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling (IPVO) en die provinsiale Klimaatsveranderingstrategie en -aksieplan geïdentifiseer is, ten uitvoer bring.
- 1.1.3 Die PRWK erken sy potensiaal om deur sy aanskaffingspraktyke 'n verskil te maak en is die eerste Suid-Afrikaanse provinsie wat 'n beleid oor omgewingsvriendelike aanskaffing ontwikkel het. Die opstel van die Groenskrif is 'n mylpaal vir omgewingsvriendelike aanskaffing in Suid-Afrika en kan as 'n voorbeeld dien vir die ontwikkeling van soortgelyke beleide deur ander regerings in die land en die privaat sektor.

### 1.2 Beleidskonteks en regsraamwerk

- 1.2.1 Die Groenskrif is ontwikkel binne die konteks van beleide en regulasies wat met openbare aanskaffingspraktyke en omgewingsprioriteite op nasionale sowel as provinsiale vlak verband hou. Die Regering het verskeie sektorbeleide, -strategieë en -wette oor afvalbestuur, energiedoeltreffendheid, klimaatsverandering en gevaarlike stowwe gepubliseer wat die beginsel van omgewingsvolhoubare aanskaffing en die

<sup>1</sup> Sekretariaat van die Universiteit van Cambridge (2006): *A Brief Guide to Value for Money*. Gebaseer op inligting verskaf deur die Higher Education Funding Council for England (HEFCE). Besikbaar aanlyn: [www.admin.cam.ac.uk/offices/secretariat/vfm/guide.html](http://www.admin.cam.ac.uk/offices/secretariat/vfm/guide.html) (20 Maart 2008).

bekendstelling van omgewingsvriendelike aanskaffingspraktyke ondersteun. Die beginsels, visie en doelstellings van die Groenskrif is op die beginsels en doelstellings van hierdie sektorbeleide en -wette gebaseer.

1.2.2 Spesifieke voorsiening is gemaak vir die beleidskonteks met betrekking tot openbare aanskaffing op nasionale sowel as provinsiale vlak:

1.2.2.1 Nasionaal erken verskeie regeringswitskrifte die belangrike rol van openbare aanskaffing as 'n manier waarop heropbou- en ontwikkelingsdoelwitte deur middel van 'n beleid bereik kan word. Die Groenskrif oor die Hervorming van Aanskaffing in die Openbare Sektor (1997) in Suid-Afrika erken byvoorbeeld dat openbare aanskaffing as instrument gebruik kan word om sosio-ekonomiese doelstellings soos dié wat in die Inisiatief vir Versnelde en Gedeelde Groei vir Suid-Afrika (ASGISA) gedefinieer is, te bereik.

1.2.2.2 Hierdie Groenskrif is ontwikkel in ooreenstemming met die statutêre raamwerk waarvolgens die aanskaffingsbeleid sedert 1994 in die Wes- Kaap en nasionaal gefunksioneer het. Dit maak voorsiening vir die vereistes van Artikel 62 van die Grondwet van die Wes-Kaap (1998), wat verklaar:

“(1) Wanneer die Wes-Kaapse Provinsiale Regering vir goedere en dienste kontrakkeer, moet dit plaasvind in ooreenstemming met 'n stelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief is.

(2) Subartikel 1 verhoed nie die Wes-Kaapse Regering om binne 'n raamwerk van nasionale wetgewing 'n aanskaffingsbeleid te implementeer wat voorsiening maak vir—

(a) voorkeurkategorieë in die toekenning van kontrakte; en

(b) die beskerming of bevordering van persone, of kategorieë van persone, wat deur onregverdig diskriminasie benadeel is.”

Die Groenskrif is ontwikkel in ooreenstemming met nasionale wetgewing oor aanskaffing en met inagneming van die aanskaffingsinisiatiewe wat onlangs deur die Nasionale en Provinsiale Tesourie onderneem is, ooreenkomstig Artikel 217 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (“die Grondwet”), Artikel 38(a)(iii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, hoofstuk 16A van die Nasionale Tesourieregulasie, hoofstuk 16A van die Provinsiale Tesourie-instruksies en die Voorkeurverkrygingswetgewing en -beleid.

1.2.3 Met betrekking tot die beleidskonteks wat met omgewingsbestuur verband hou, maak Artikel 24 van die Grondwet spesifieke voorsiening vir die beskerming van die omgewing deur te verklaar dat:

“Elkeen het die reg—

(a) op 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle gesondheid of welsyn is nie; en

(b) op die beskerming van die omgewing, ter wille van huidige en toekomstige geslagte, deur redelike wetgewende en ander maatreëls wat—

(i) besoedeling en ekologiese agteruitgang voorkom;

(ii) bewaring bevorder; en

(iii) ekologies volhoubare ontwikkeling en aanwending van natuurlike hulpbronne verseker, terwyl dit regverdigbare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling bevorder.”

Die belang van hierdie reg is dat dit die provinsiale wetgewing, uitvoerende gesag, staatsorgane en munisipaliteite verplig om die omgewing deur redelike wetgewing en ander maatreëls te beskerm, insluitend beleid, byvoorbeeld oor omgewingsvriendelike aanskaffing.

### 1.3 Beleidsontwikkelingsproses

1.3.1 Die DOS&OB het die Groenskrif in oorleg met alle departemente van die PRWK ontwikkel. Dit is ontwikkel as 'n werkbare voorsieningskettingsbestuurs- en mensgedrewe oplossing in lyn met bestaande beleide. Die beleid word op bestaande inisiatiewe gebou, byvoorbeeld die 2Wise2Waste-program, provinsiale pogings om die plaaslike herwinningseconomie te stimuleer, die provinsiale Omgewingsvriendelike Hotelle-loodsprojek, die Omgewingsvriendelike Graderingstelsel vir die verblyfsektor en die Stad Kaapstad se konferensiegeleentheid van die International Council for Local Environment Initiative oor omgewingsvriendelikheid.

1.3.2 'n Ondersoek na en assessering van vorige en bestaande omgewingsvriendelike aanskaffingsverwante inisiatiewe binne die Suid-Afrikaanse regering is gedoen en daar is gepoog om ooreenkomstig relevante nasionale beleide en riglyne te werk te gaan.

1.3.3 Om inligting oor beste internasionale praktyke in te samel, is 'n internasionale ondersoek na normstelling ten opsigte van inisiatiewe rakende omgewingsvriendelike aanskaffing in verskeie ontwikkelde en ontwikkelende lande onderneem met die doel om uit hierdie ervarings te leer en daarop te bou.

1.3.4 Om die maklik bekombare wins vroeg in die implementeringsproses van omgewingsvriendelike aanskaffing in alle departemente dwarsoor die PRWK te bepaal, is gedetailleerde omgewingspesifikasies vir ses loodsproduk- en -diensareas ontwikkel. Praktyknotas sal deur die Provinsiale Tesourie uitgegee word wat voorsiening maak vir die inkorporasie van die omgewingspesifikasies in die “standaard”-spesifikasies vir hierdie produk-/diensareas. Die seleksie van die loodsareas het gefokus op hoëkoste-areas met 'n beduidende impak op die omgewing en wat vir alle departemente relevant is en waar dit relatief maklik is om die beleid te implementeer. Die vereistes vir relevansie vir alle departemente en relatief maklike implementering is die sleutel om vroeë en sigbare sukses met die implementering van die beleid te verseker. Die loodsareas wat geselekteer is, is: omgewingsvriendelike geleenthede, papier en skryfbehoeftes, beligtingstoerusting, elektroniese kantoortoerusting, skoonmaakprodukte en -dienste, en afvaldienste.

1.3.5 'n Provinsiale opname oor omgewingsvriendelike aanskaffing is gedoen onder voorsieningskettingsbestuurspersoneel van alle departemente en senior bestuurders van teikende departemente (departemente wat die meeste bestee in die loodsproduk- en -diensareas) as beampies verantwoordelik vir aanskaffingsbesluite. Die doel van die opname was om die proses van bewuswording van omgewingsvriendelike aanskaffing te inisieer. Die opname het bodprosedures en -spesifikasies, die ontvangs van botte, bodevaluering en konkrete departementele aankoopneigings gedek.

1.3.6 'n Ministeriële slypskool is vir die departementshoofde binne die PRWK gehou. Die slypskool het op die rasionaal vir die implementering van omgewingsvriendelike aanskaffing en die moontlike implikasies daarvan gefokus. Dit het ook voorsiening gemaak vir bespreking oor die potensiele kwessies met betrekking tot die implementering van omgewingsvriendelike aanskaffing en wyses waarop dit aangespreek kan word.

1.3.7 Onderhoude is met geselekteerde voorsieningskettings- en lynfunksiebestuurders van vier geselekteerde departemente en die Provinsiale Tesourie gevoer. Die doel van die onderhoude was om te verseker dat die beleid relevant is en doeltreffend geïmplementeer sal word.

1.3.8 'n Slypskool is vir die voorsieningskettingsbestuurders en die “Groen Kampioene” van alle departemente gehou om die voorgestelde beleid

te toets, potensieële hindernisse te bespreek en oplossings te genereer en die konsepspesifikasies en -omgewingseleksiekriteria (tellingkaarte) wat vir die geselekteerde loodsprodukte/-dienste ontwikkel is, te toets.

- 1.3.9 Botte oor omgewingsvriendelike aanskaffing is gelewer aan en bespreek met die Batebestuursforum en die Forum vir die Hoof- Finansiële Beamptes.
- 1.3.10 Die formulering van die voorgestelde beleid sluit in die ontwikkeling van 'n besprekingsdokument vir oorweging, die aanvra van interne aandeelhouers se sienings, die ontwikkeling van 'n voorgestelde konsepbeleidsdokument vir kommentaar en bespreking en die inkorporasie van alle kommentaar.
- 1.3.11 'n Werkgroep bestaande uit verteenwoordigers van die DOS&OB, die Departement van die Premier, die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en die Provinsiale Tesourie is op die been gebring om die ontwikkeling van die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing te lei.
- 1.3.12 Verdere oorlegpleging met interne en eksterne aandeelhouers sal as deel van die proses van implementering van die voorgestelde beleid onderneem word.

#### 1.4 Rasionaal vir die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing

- 1.4.1 Die VN- Millennium-ekosisteesassessering (2005) het bevind dat twee derdes van die planeet se ekosisteedienste—byvoorbeeld kos, vesel, skoon lug, vars water en vloed- en siektereguleringsdienste—gedegradeer en op 'n nievolhoubare basis gebruik word. Die Vierde Asseseringsverslag van die Tussenregeringspaneel vir Klimaatsverandering (IPCC) (2007) vestig die aandag op die verhoogde bewyse en felheid van die impak van klimaatsverandering wat deur die mens veroorsaak is. Verder lig die Klimaatsveranderingstrategie en -aksieplan van die Wes-Kaap die noodgedwonge uitkomstigheid om die koolstofspoor van die provinsie te beperk. Saam beklemtoon die impak van klimaatsverandering en hulpbrondegradering die noodgedwonge om produksie- en verbruikspatrone van hulpbrondebenutting te ontsoort. Openbare owerhede moet 'n spesifieke rol speel ten opsigte van die aanmoediging van reguleringshervorming sowel as die toepassing van meer verantwoordelike praktyke in hulle eie produksie- en verbruikspatrone.
- 1.4.2 Die Nasionale Tesourie het in April 2006 'n beleidsdokument, naamlik “A framework for considering market-based instruments to support environmental fiscal reform in South Africa,” geformuleer, wat die rol omskryf wat markgebaseerde middele, spesifiek omgewingsverwante belasting en vorderings, kan speel om volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika te ondersteun. Die Groenskrif bied 'n geleentheid om omgewingshervorming te beskou deur na die PRWK se algemene bestedingspraktyke te kyk met die doel om die volhoubaarheid van huidige hulpbrondebenuttingspraktyke en verbruiksneigings van goedere en dienste wat deur plaaslike, nasionale en/of internasionale vervaardigers en diensverskaffers voorsien word, te verseker.
- 1.4.3 'n Studie wat onlangs vir die Europese Kommissie gedoen is, lig die potensieële rol van regeringsagente in die bevordering van hierdie ontsoorting uit.<sup>2</sup> Dit het bevind dat indien alle openbare liggame in die EU na hernubare energie oorskakel, hulle die vrystelling van meer as 60 miljoen ton koolstofdioksied (CO<sub>2</sub>) per jaar sal voorkom. Daardeur sal hulle tot 18% van die EU se Kyoto-teiken ten opsigte van die vrystelling van kweekhuisgasse bydra. Indien die openbare sektor in die EU ook begin om energiedoeltreffende taferekenaars te koop—daar word jaarliks meer as 2,8 miljoen persoonlike rekenaars gekoop—kan die vrystelling van 'n verdere 830 000 ton CO<sub>2</sub> voorkom word.
- 1.4.4 Ontsoorting is daarop gemik om te verseker dat die band tussen 'n negatiewe impak op die omgewing en ekonomiese groei of goedere en dienste gebreek word. Die Groenskrif probeer deur die bevordering van die beginsels van die afvalhiërargie, die verstandige benutting van hulpbronne, die beginsel van besoedelaarsaanspreeklikheid, sorgpilig, uitgebreide verantwoordelikheid van die vervaardiger en die lewensiklus van produkte waarborg dat die handelinge van die PRWK hulpbrondeeltreffend word deur sy impak op die omgewing te verminder en te verseker dat die produksie en gebruik van goedere en dienste die omgewing dwarsdeur hulle hele lewensiklus nie negatief beïnvloed nie.
- 1.4.5 Daar moet op gelet word dat om bloot doeltreffend te wees, nie noodwendig verseker dat die uitkoms wat deur die voorgestelde beleid beoog word, binne die planeet se ekologiese drakapasiteit is nie. Die Groenskrif streef daarna om ook die vraagkant te beïnvloed om te verseker dat ontwikkeling in die provinsie volhoubaar is. Dit is met die oog hierop dat die Groenskrif ook op gedragsbeginsels gebaseer is, byvoorbeeld die bepaling of 'n produk of diens benodig word, die inagneming en vermindering van die negatiewe uitwerking van produkte en dienste op die omgewing deur alle fases van hulle lewensiklus, die verandering van verskaffers en verbruikers se gedrag, en die voorkoming of minimalisering van die produsering van afval en besoedeling, die gebruik van onbewerkte stowwe, energie en water, en die gebruik of produsering van gevaarlike stowwe.
- 1.4.6 Die PRWK is 'n beduidende bydraer tot die plaaslike ekonomie. Deur te kies wie gekontrakteer word, kan die Regering die produksie en verkope van omgewingsvriendeliker produkte (byvoorbeeld IT-toerusting wat meer energiedoeltreffend is) bevorder, sowel as om 'n verandering in die gedrag van sakeondernemings en binne regeringsdepartemente te stimuleer (deur hulle byvoorbeeld aan te moedig om minder water en onbewerkte stowwe te gebruik en hulle afval te herwin). Die PRWK se handelinge moet aan ander regeringsdepartemente en sakeondernemings die voorbeeld stel om die impak van hulle eie voorsieningskettings op die omgewing te begin verminder.

#### 1.5 Omvang van die Groenskrif

- 1.5.1 Die omvang van die Groenskrif is daarop gemik om die bereiking van die doelstellings van die Implementeringsplan vir Volhoubare Ontwikkeling moontlik te maak.
- 1.5.2 Die voorgestelde beleid voorsien die algemene beginsels en riglyne vir die integrasie van omgewingskriteria met voorsieningskettingbestuursbesluitneming. Dit maak ook voorsiening vir die uitreik van praktyknotas vir produk- en diensareas binne die ses loodsareas, naamlik omgewingsvriendelike geleenthede, skoonmaakprodukte en -dienste, beligtingstoerusting, elektroniese kantoortoerusting, papier en skryfbehoeftes, en afvaldienste.
- 1.5.3 Praktyknotas sal mettertyd uitgereik word om die insluiting van omgewingspesifikasies in “standaard”-spesifikasies vir verdere produkte en dienste moontlik te maak. Die implementering van hierdie spesifikasies sal 'n gestandaardiseerde benadering tot navolging van die voorgestelde beleid moontlik maak en behoort by te dra tot die nakoming van kriteria vir omgewingsvriendelike aanskaffing in voorsieningskettingbestuursbesluite.
- 1.5.4 Die Groenskrif is ontwikkel met inagneming van die beskikbaarheid van omgewingsvriendelike produkte en dienste in die Wes-Kaap en Suid-Afrika.
- 1.5.5 Die Groenskrif neem plaaslike sakeondernemings en industrieë se vermoë om omgewingsverantwoordelike produkte en dienste te vervaardig of te ontgin, in ag.

<sup>2</sup> Europese Kommissie, *Sustainability and Decoupling Indicators: Life Cycle Based Approaches, 3rd International Life Cycle Thinking Workshop*. Ciprus, 22-23 Januarie 2007.

- 1.5.6 Gedetailleerde aksieplanne met betrekking tot omgewingsvriendelike aanskaffing sal gerig word deur en ontwikkel word binne die beleidsraamwerk en in al die PRWK se aanskaffingstrukture geïmplementeer word.
- 1.5.7 Die Groenskrif verskaf die raamwerk vir departemente binne die PRWK om aksieplanne te ontwikkel om omgewingskwessies binne hulle spesifieke aanskaffingsbehoefes in ag te neem. Die Groenskrif maak voorsiening daarvoor dat die produkte/dienste wat aangeskaf word se volle impak op die omgewing deur hulle hele lewensiklus in ag geneem word, van die aanvanklike fase van die onbewerkte stowwe wat gebruik word tot die vervaardiging, gebruik en vernietiging van die produkte.

## 2 BELEID OOR OMGEWINGSVRIENDELIKE AANSKAFFING: VISIE, DOELSTELLINGS EN BEGINSELS

### 2.1 Die Groenskrif oor omgewingsvriendelike aanskaffing—visie

- 2.1.1 Die Groenskrif is daarop gerig om die negatiewe impak van die voorsieningskettlingbestuursbesluite van die PRWK op die omgewing te verminder. Op hierdie manier wil dit:
- 2.1.1.1 die gedrag van PRWK-personeel verander deur hulle aan te moedig om die uitwerking van wat hulle aankoop, gebruik en vernietig op die omgewing in ag te neem en te verminder;
- 2.1.1.2 verskaffers aanmoedig om hulle gedrag te verander en met die ontwerp, vervaardiging, gebruik en vernietiging van stowwe, produkte en/of dienste omgewingskwessies in ag te neem; en
- 2.1.1.3 die herwinningseconomie stimuleer en innovering in die rigting van die ontwikkeling van produkte en dienste met 'n kleiner omgewingsvoetspoor bevorder.

### 2.2 Die Groenskrif oor omgewingsvriendelike aanskaffing—strategiese doelstellings

- 2.2.1 Die Groenskrif het die volgende doelstellings met betrekking tot die aanskaffing van goedere en dienste:
- 2.2.1.1 om aan te moedig dat minder energie en hulpbronne gebruik word en daardeur die negatiewe impak van die daaglikse handeling van die PRWK op die omgewing te verminder;
- 2.2.1.2 om die bruikbaarheid van opgebruikte produkte deur herbruik en herwinning te bevorder en te verhoog en daardeur skoner produksie en die minimisering van afval te bevorder en die ontwikkeling van die herwinningseconomie te ondersteun;
- 2.2.1.3 om beste praktyke met die oog op die omgewing te gebruik en te versprei op die gebied van afvalminimisering en -bestuur, water- en energiedoeltreffendheid en -besparing, vermindering van besoedeling en sosio-ekonomiese ontwikkeling;
- 2.2.1.4 om gemeenskappe en sakeondernemings aan te moedig om omgewingsverantwoordelike produkte en dienste te gebruik; en
- 2.2.1.5 om beamptes in die departemente te help om doelwitte wat gestel is met betrekking tot die minimisering van afvalprodusering en energieverbruik te bereik.

### 2.3 Die Groenskrif oor omgewingsvriendelike aanskaffing—beginsels

- 2.3.1 Die Groenskrif bevorder die hoëvlakbeginsels van:
- 2.3.1.1 die afvalhiërargie;
- 2.3.1.2 die verstandige gebruik van hulpbronne;
- 2.3.1.3 besoedelaarsaanspreeklikheid;
- 2.3.1.4 sorgplig;<sup>3</sup>
- 2.3.1.5 die lewensiklus; en
- 2.3.1.6 die uitgebreide verantwoordelikheid van die vervaardiger.
- 2.3.2 Die voorgestelde beleid berus op die volgende gedragbeginsels:
- 2.3.2.1 eerstens die bepaling of die produk of diens enigsins benodig word, of in die hoeveelheid wat voorgestel word;
- 2.3.2.2 die inagneming en vermindering van die negatiewe uitwerking van 'n produk en/of diens in alle stadiums van sy lewensiklus op die omgewing;
- 2.3.2.3 die verandering van die gedrag van die verskaffers en verbruikers van produkte en/of dienste om enige negatiewe impak op die omgewing verder te verminder; en
- 2.3.2.4 die voorkoming en/of minimisering van die produsering van afval en besoedeling, die gebruik van onbewerkte stowwe, energie en water, en die gebruik of produsering van gevaarlike stowwe.
- 2.3.3 Bogenoemde doelwitte en beginsels moet bereik word binne die begrensing van die mededingendheid van verskaffers en terwyl daar by die behoorlike en verdedigbare aanskaffingspraktyke ooreenkomstig die huidige statutêre raamwerke gebly word.
- 2.3.4 Bogenoemde doelwitte en beginsels moet ook bereik word sonder om SEB-verskaffers of die gees van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (5 van 2000) negatief te beïnvloed.
- 2.3.5 Artikel 217(1) van die Grondwet bepaal dat wanneer 'n staatsorgaan of enige ander instelling wat in nasionale wetgewing geïdentifiseer word, vir goedere of dienste kontrakteeër, dit moet plaasvind in ooreenstemming met 'n stelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief is. Artikel 62(2) van die Grondwet van die Wes-Kaap bemaatig die PRWK binne 'n raamwerk van nasionale wetgewing om 'n aanskaffingsbeleid te implementeer.
- 2.3.6 Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (107 van 1998) stel beginsels vas vir besluitneming oor sake wat die omgewing beïnvloed. Sekere beginsels is relevant vir besluite rakende aanskaffing wat 'n beduidende uitwerking op die omgewing kan hê. Die beginsel vervat in Artikel 2(4)(f) van hierdie wet bepaal dat verantwoordelikheid vir die uitwerking van 'n produk, proses, diens of aktiwiteit op die omgewingsgesondheid en -veiligheid deur sy hele lewensiklus van toepassing is.

<sup>3</sup> Soos vervat in Republiek van Suid-Afrika (1998) *Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998*.

### 3 BELEIDSVERKLARINGS

#### 3.1 Aansoek vir voorgestelde beleid

3.1.1 Die voorgestelde beleid is van toepassing op alle departemente binne die PRWK. Hierdie voorgestelde beleid moet tesame met die bestaande nasionale en provinsiale reguleringsraamwerk vir voorsieningskettingbestuur sowel as die voorkeurverkrygingswetgewing en -regulasies gebruik word (met ander woorde met die versekering dat die doelwitte en beginsels van die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aansaffing nie ten koste van SEB-firmas bereik word nie).

#### 3.2 Integrasie van omgewingsvriendelike aansaffing met die voorsieningskettingbestuursproses

3.2.1 Omgewingsvriendelike aansaffing moet met die vyf elemente van die huidige voorsieningskettingbestuursproses geïntegreer word, naamlik vraagbestuur, verkrygingsbestuur, logistieke beplanning, afvalbestuur en voorsieningskettingprestasie.

3.2.2 Omgewingsvriendelike aansaffing moet deel vorm van die strategiese beplanning, begrotingsopstelling, implementering, deurlopende monitering en evalueringsprosesse van die PRWK deur die integrasie daarvan met voorsieningskettingbestuur.

#### 3.3 Vraagbestuur

3.3.1 Vraagbestuur moet verseker dat hulpbronne wat benodig word om die doelstellings van die strategiese plan te bereik, doeltreffend, effektief en op billike wyse aan die betrokke organisasie gelewer word.

3.3.2 Vraagbestuur sal vereis dat alle departemente 'n behoeftebepaling van hulpbronne wat benodig word om hulle strategiese doelstellings te bereik, onderneem.

3.3.3 Omgewingsvriendelike aansaffing is daarop gerig om onnodige en verkwistende verbruik te verminder deur assessering en deur voorsiening te maak vir die impak van sodanige verbruik op die omgewing.

3.3.4 Inagneming van omgewingsvriendelike aansaffing moet in alle behoeftebepalings wat deur departemente onderneem word, ingesluit word.

3.3.5 Inkorporasie van omgewingsvriendelike aansaffing in vraagbestuur moet help om "vrugtelose en verkwistende" besteding soos gedefinieer in Artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (1999) te voorkom, deur te verseker dat uitgawes nie aangegaan word ten opsigte van goedere of dienste wat onnodig of skadelik vir die omgewing is nie, byvoorbeeld die aansaffing van gedrukte pamflette in gevalle waar elektroniese kommunikasie voldoende sou wees.

3.3.6 Inkorporasie van omgewingsvriendelike aansaffing in vraagbestuur is 'n kruisfunksionele handeling wat verantwoordelike bestuur en voorsieningskettingpraktisyns moet insluit.

#### 3.4 Verkrygingsbestuur

3.4.1 Verkrygingsbestuur verwys na 'n departement se markontleding, kosteberekening, ontginningstrategie en aansaffingsaktiwiteit.

3.4.2 Markontleding met betrekking tot omgewingsvriendelike aansaffing word gedefinieer as die proses waardeur die asimmetrie van omgewingsinligting verminder word deur inligting oor die markstruktuur, verskaffers en die beskikbaarheid van omgewingsvriendelike produkte, pryse, spesifikasies en sertifisering te versamel.

3.4.3 Omgewingsertifisering vir produkte en verskaffers moet in die PRWK se databasis vir verskaffers ingesluit word.

3.4.4 Die databasis sal gereeld bygewerk word om veranderinge in die markstruktuur en die beskikbaarheid van omgewingsvriendelike produkte, pryse, spesifikasies en sertifisering vas te lê.

3.4.5 Die databasis moet deur alle departemente gebruik word wanneer kennisgewings om te tender uitgestuur word.

3.4.6 Kosteberekening is 'n inherente deel van die begrotingsiklus binne die Regering en help om die "waarde vir geld"-kriteria in aansaffing te assesseer.

3.4.7 Die "waarde vir geld"-konsep verwys tradisioneel na die aankope van die opsie met die laagste koste. Omgewingsvriendelike aansaffing brei hierdie definisie egter uit om "nie net die opsie met die laagste koste nie, maar alle faktore relevant vir 'n spesifieke doel, insluitend die lewensikluskoste en die vermoë van die produk om regeringsdoelstellings te bevorder" in te sluit.

3.4.8 Die lewensikluskoste van omgewingsvriendelike produkte moet in ag geneem word tydens die MTBR-begrotingsproses om volhoubare verbruik en langtermynbesparing te verseker.

3.4.9 'n Ontginningstrategie verbeter operasionele doeltreffendheid deur 'n optimale manier te ontwikkel om produkte of dienste te ontgin, gegewe die aard van die produk, toestande vir lewering en die markstruktuur. 'n Optimale ontginningstrategie kan die PRWK se ekologiese voetspoor verklein en daardeur omgewingsvriendelike aansaffingsbeginsels ondersteun.

3.4.10 Wanneer op 'n optimale ontginningstrategie besluit word, moet rekenpligtige amptenare transversale aankope vir omgewingsvriendelike produkte oorweeg om sodoende deur skaalbesparings te wen en die markpryse deur onderhandeling te verlaag. Voorkeuraansaffingskriteria sal steeds op hierdie transversale kontrakte van toepassing wees.

3.4.11 Die aansaffingsaktiwiteit kan in vyf fases verdeel word: samestelling van die boddokumente, uitnodiging om botte te maak, ontvangs van reaksies, evaluering van reaksies, nagaan van die botte om te bepaal of dit aan die vereistes voldoen en toekenning van die kontrakte.

3.4.12 Omgewingsvriendelike aansaffing moet deel vorm van die vyf fases van die aansaffingsaktiwiteit deur die vereistes vir omgewingsvriendelikheid by elke fase in die rekenpligtige amptenaar se voorsieningskettingbestuurstelsel in te sluit.

3.4.13 Tydens die bodspesifikasieproses in die eerste fase sal vereistes vir omgewingsvriendelike aansaffing deur die bestuurders verantwoordelik vir die opstelling van die spesifikasie geïdentifiseer word en deur die bodspesifikasiekomitee bekragtig word.

3.4.14 Die vereiste vir omgewingsvriendelike aansaffing moet uitgelig word in die bodkennissgewing om verskaffers aan te moedig om aan die vereistes te voldoen. Vereistes gemik op omgewingsvriendelikheid sal in die botte ingesluit word as óf een van óf 'n kombinasie van die volgende:

- Die kriteria vir omgewingsvriendelikheid vir spesifieke produkte en dienste moet ingesluit word in die spesifikasies van die boddokumente, en verskaffers moet hulle bod indien gebaseer op hierdie spesifikasies.
- In terme van die voorsieningskettingbestuursriglyne wat in Februarie 2004 deur die Nasionale Tesourie vrygestel is, naamlik "Supply Chain Management: A Guide for Accounting Officers/Authorities", word funksionaliteit gedefinieer as die kwaliteit van die produk of diens wat aangeskaf word. Omgewingsvriendelike aansaffing brei hierdie definisie uit om die bevoegdheid, bruikbaarheid en



duursaamheid van 'n produk te inkorporeer. Wanneer hierdie uitgebreide definisie gebruik word, kan addisionele punte vir funksionaliteit toegeken word vir die aankoop van omgewingsvriendelike produkte. In die afwesigheid van spesifieke kriteria vir puntetellings rakende omgewingsvriendelike aankaffing kan departemente die generiese kriteria wat in Bylaag A uiteengesit is, gebruik.

- Indien daar geen gereedlik beskikbare omgewingsvriendelike produkte op die mark is nie, moet departemente hulle omgewingsvoetspoor verklein deur Heropbou- en Ontwikkelingsprogram- (HOP-) punte aan ondernemings wat in die provinsie gelokaliseer is, toe te ken binne die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid 5 van 2000.
- Die HOP is in 1994 ontwikkel met die doel om uitgebreide ekonomiese strategieë om die Suid-Afrikaanse ekonomie teen 2014 te transformeer, te omskryf. 'n Tienpuntplan is gebruik om tien strategieë in te sluit wat ontwerp is om 'n positiewe uitwerking op klein, medium- en mikro-ondernemings se deelname aan die bodstelsel te hê en gewig aan benadeelde en gemarginaliseerde sektore te verleen met die doel om werk te skep.

3.4.15 By ontvangs van die botte sal voldoening aan die vereistes vir omgewingsvriendelikheid ingesluit word in die vergelykende ontleding voordat dit by die bodtoekenningskomitee ingedien word.

3.4.16 Die toekenningskomitee sal die bidders assessee ten opsigte van hulle prys, funksionaliteit (wat omgewingskriteria kan insluit) en HBI of ander voorkeur- aankaffingskriteria.

3.4.17 Waar moontlik sal alle verskaffers wat op omgewingsvriendelike sertifikasie aanspraak maak, tydens die verkoperassesseringsproses geverifieer word.

3.4.18 Sodra die kontrak geteken is, moet vereistes vir omgewingsvriendelike aankaffing ingesluit word in die diensvlakooreenkoms tussen die departement en die verskaffer. Voorsieningskettingsbestuur is verantwoordelik vir die monitering van verskafferprestasie met die teikens of aanduiders in die diensvlakooreenkoms as standaard.

### 3.5 Logistieke beplanning

3.5.1 Logistieke beplanning verwys na die kodering van items, die daarstelling van inventarisvlakke, die plasing van bestellings, ontvangs en verspreiding, stoor-/magasynbestuur, die bespoediging van bestellings, die bestuur van vervoer, en verkoperprestasie.

3.5.2 Alle departemente moet bepalinge vir omgewingsvriendelikheid insluit vir aktiwiteite wat in die sfeer van logistieke beplanning binne die rekenpligtige-amptenaarstelsel val.

### 3.6 Afvalbestuur

3.6.1 Afvalbestuur verwys na die buitediensstelling, verwydering en vernietiging van ondiensbare, oortollige en verouderde bates.

3.6.2 Die voorgestelde beleid moet gelees word saam met item 16A7 ("Disposal and Letting of State Assets") van die Nasionale Tesourieregulasies (Maart 2005) vir departemente, handelsentiteite, konstitusionele instellings en openbare entiteite, uitgereik in ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (1999) en hoofstuk 16A(4) van die Provinsiale Tesourie-instruksies (2008), wat oor die vernietiging en verhuring van staatsbates handel.

3.6.3 Alle departemente moet verseker dat bates inderdaad ondiensbaar, oortollig of verouderd is voordat dit vernietig word.

3.6.4 Die koste van vernietiging van 'n bate op 'n omgewingsvriendelike en veilige manier moet ingesluit word in die lewenskluskoste-assessering van alle produkte om te verseker dat daar sover moontlik ten volle rekenskap gegee kan word van die koste van omgewings-externaliteite.

3.6.5 Waar moontlik moet verskafferaansporing gebruik word om omgewingsvriendelike afvalbestuur te bevorder om die Regering se vernietigingskoste te verminder.

### 3.7 Monitering van voorsieningskettingsbestuur

3.7.1 Die Nasionale Tesourieregulasies 16A3.2(d)-(vi) en Provinsiale Tesourie-instruksies 16A7 vereis dat die monitering van die voorsieningskettingsbestuursprosesse gereeld plaasvind, terwyl 'n evaluering van die beleidsimpak en bereiking van doelwitte jaarliks moet plaasvind.

3.7.2 Monitering van die voorgestelde Beleid vir Omgewingsvriendelike Aankaffing sal met die roetinemonitering en -verslaggewingstelsels van die departemente geïntegreer word.

3.7.3 Die Provinsiale Tesourie is verantwoordelik vir die versameling van data en verslaggewing oor die regeringwye statistiek ten opsigte van omgewingsvriendelike aankaffing.

3.7.4 Die Provinsiale Tesourie sal statistiek ten opsigte van omgewingsvriendelike aankaffing in sy bestuursverslaggewingstelsels inkorporeer.

### 3.8 Kriteria vir omgewingsverantwoordelike aankaffingspraktyke

Wanneer tenders geëvalueer word, moet bodtoekenningskomitees sover moontlik die volgende generiese seleksiekriteria in ag neem wanneer tellingkaarte nie beskikbaar is nie (sien Bylaag 1 vir 'n kontrolelys vir die oorweging van generiese seleksiekriteria wanneer tellingkaarte nie beskikbaar is nie):

#### Vervaardigingsfase:

- eliminerings van onbewerkte stowwe;
- versekering van die hoogste moontlike inhoud van herwonne materiaal in die produk;
- vermyding van die produsering van afval;
- vermindering van die hoeveelheid energie gebruik tydens die vervaardiging van die produk;
- bestuur van die aard en hoeveelheid afvalstowwe vrygestel tydens vervaardiging;
- versekering van die laagste moontlike gebruik van gevaarlike stowwe; en
- aanmoediging van die gebruik van omgewingsgesertifiseerde verskaffers

#### Gebruiksfasie:

- aanmoediging van herbruik van die produk;
- bevordering van energiedoeltreffendheid (byvoorbeeld deur 'n Energy Star®-gradering

- bestuur van die aard en volume van afvalstowwe vrygestel tydens die gebruiksfase; en
- bevordering van lae instandhoudingsvereistes

#### **Vernietigingsfase:**

- bevordering van herwinbaarheid;
- aanmoediging van omgewingsvriendelike vernietigingsmetodes; en
- versekering van spesiale vernietiging van gevaarlike afval

### **3.9 Verklarings**

3.9.1 Voordat 'n bod toegeken word, of op enige tydstip daarna, kan 'n bieder versoek word om enige eis met betrekking tot omgewingskriteria te staaf.

### **3.10 Oorsig**

3.10.1 Hierdie voorgestelde beleid sal hersien word soos vereis en praktyknotas/riglyne sal op 'n meer gereelde basis ontwikkel, bygewerk en uitgereik word om:

- 3.10.1.1 voorsiening te maak vir die nuutste denkrigtings oor lewensiklusanalise of -assessering (LSA) en kosteberekening oor die volle lewensduur;
- 3.10.1.2 nuwe inligting oor die uitwerking van verdere produk- en diensareas op die omgewing in die funksionering daarvan in te sluit; en
- 3.10.1.3 omgewingskriteria vir verdere produk- en diensgroepe in te sluit soos die beskikbaarheid van omgewingsvriendelike opsies vir hierdie groepe verbeter en koste minder beperkend word.

## **4 PRESTASIEBESTUUR**

### **4.1 Inleiding**

4.1.1 Om te verseker dat die voorgestelde Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing sy doelwitte bereik, sal 'n omvattende prestasiebestuurstelsel op die vlak van die provinsiale regering en departementele, bestuurs- en individuele personeelvlak daargestel word soos toepaslik.

### **4.2 Verantwoordelikhede ten opsigte van prestasiebestuur**

- 4.2.1 Die DOS&OB en die Provinsiale Tesourie sal saam die prestasiebestuurstelsel ontwikkel en sleutelprestasiekriteria identifiseer.
- 4.2.2 Aangesien omgewingsvriendelike aanskaffing 'n provinsialeregeringwye beleid is, vereis dit omvattende koördinasie, die deel van inligting en monitering. Die DOS&OB sal verantwoordelik wees vir die bevordering van bewustheid binne die PRWK en onder verskaffers (saam met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling), die ontwikkeling van kapasiteit binne die PRWK, die handhawing van 'n netwerk waarbinne inligting gedeel word, en die verskaffing van hulp ten opsigte van die implementering van die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing aan departemente waar die behoefte deur monitering geïdentifiseer is.
- 4.2.3 Die Provinsiale Tesourie sal verantwoordelik wees vir die monitering van die implementering van die voorgestelde Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing en die afdwing van voldoening daaraan.

### **4.3 Doelwitte**

- 4.3.1 Die Provinsiale Uitvoerende Gesag kan jaarliks regeringwye teikens vir omgewingsvriendelike aanskaffing daarstel.
- 4.3.2 Elke departement is verantwoordelik vir die identifisering van sy bydrae tot die bereiking van provinsiale teikens deur sy spesifieke departementele teikens op 'n jaarlikse basis by die DOS&OB en die Provinsiale Tesourie in te dien. Die rekenpligtige amptenaar in elke departement is verantwoordelik vir die identifisering van prestasieteikens vir omgewingsvriendelike aanskaffing voor die begin van die jaar.
- 4.3.3 Alle departemente sal die prestasieteikens vir omgewingsvriendelikheid in hulle jaarlikse prestasieplanne en -bestuurstelsels inkorporeer om die verskansing van die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing te fasiliteer.
- 4.3.4 Rekenpligtige amptenare moet verseker dat die voorgestelde Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing binne die voorsieningskettingsbestuurstelsel van rekenpligtige amptenare geïmplementeer en jaarliks hersien word om veranderinge in die departementele prestasieteikens vir omgewingsvriendelike aanskaffing te weerspieël.

### **4.4 Verslaggewing**

- 4.4.1 Die Provinsiale Tesourie sal verantwoordelik wees vir die hersiening van die voorgestelde Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing elke twee jaar of soos vereis, die uitreiking van praktyknotas vir produk-/diensareas soos vereis en die produsering (saam met die DOS&OB) van 'n jaarlikse verslag oor die "Status van Omgewingsvriendelike Aanskaffing", wat in die PRWK se verslag oor volhoubare ontwikkeling ingesluit moet word.
- 4.4.2 Die verslag oor die "Status van Omgewingsvriendelike Aanskaffing" moet inligting oor die randbedrag van omgewingsvriendelike aanskaffing wat deur departemente onderneem is, insluit, sowel as die volume omgewingsvriendelike produkte wat aangekoop is, algemene veranderinge in die markpryse van omgewingsvriendelike produkte, betrokkenheid by die industrie en, indien moontlik, die impak van die omgewingsvriendelike aanskaffing wat onderneem is op die omgewing.
- 4.4.3 Die Provinsiale Tesourie sal 'n raamwerk vir monitering en verslaggewing ontwikkel en dit aan alle departemente kommunikeer.

### **4.5 Ouditering**

- 4.5.1 Eksterne ouditering speel 'n uiters belangrike rol in die bekragtiging van die akkuraatheid van finansiële inligting in die Regering. Om te verseker dat aan die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing voldoen word, kan die ouditeur- generaal die akkuraatheid van die finansiële verslag oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing outid.
- 4.5.2 Die ouditeur-generaal kan ook die interne stelsels wat inligting oor die implementering van die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing produseer, hersien as deel van die prestasie-inligtingsouditeringsprosesse.
- 4.5.3 Die ouditeur-generaal (of 'n eksterne omgewingsverifieringsliggaam gekies in oorleg met die OG) kan mettertyd 'n volle prestasiehersiening van die Beleid oor Omgewingsvriendelike Aanskaffing doen, insluitend metodes wat gebruik is om progressie na te gaan.

## 5 GELEIDELIKE IMPLEMENTERING VAN DIE BELEID OOR OMGEWINGSVRIENDELIKE AANSKAFFING

- 5.1.1 Vir die doel om bewustheid van die voorgestelde beleid en wyses waarop die beginsels daarvan in voorsieningsketteringbestuursbesluite geïnkorporeer kan word, te verhoog, sal die aanvanklike beleid nie net algemene omgewingsseleksiekriteria vir alle produk- en diensareas verskaf nie, maar ook die uitreiking van praktyknotas vir die insluiting van spesifieke omgewingskriteria in standaardbodspesifikasies fasiliteer, met die aanvanklike fokus op ses loodsareas vir produkte/dienste.
- 5.1.2 Die loodsareas is geselekteer aangesien dit relevant is vir alle departemente en met inagneming van die hoë koste en/of volume van hierdie produkte/dienste.
